2009 SABT Boerboelskoue
Verrigtinge en Gedragskode

Registrasie
1. Registrasie open een uur voor die gepubliseerde aanvangstyd van ‘n Skou.
2. Deelnemers meld by die Registrasietafel aan.
   - Voorafregistrasies: Bevestig inskrywings, toon bewys van betaling en ontvang inskrywingsnommers wat alle deelnemers moet vertoon.
   - Nuwe registrasies: Registreer en betaal voorgeskrewe inskrywingsgeld (kontant of bankgewaarborgde tjek), toon bewys van geboortedatum / registrasie- of ID-nommers van Boerboele en ontvang inskrywingsnommers wat alle deelnemers moet vertoon.
   - Inskrywings in Klasse 1 en 2: Toon bewys van inentings.

Opening
1. The organiseerder open die Skou amptelik.
2. Die aankondiger gee ‘n oorsig van die verloop van verrigtinge, uitleg van die lokaal, fasiliteite en beoordelingskriteria en stel die beoordelaars voor.

Versamelring
1. Deelnemers meld by die Versamelring aan in die volgorde wat die klasse beoordeel word in ooreenstemming met die gepubliseerde program, of soos aan die begin van die Skou aangekondig.
2. Deelnemers moet kennis neem van die volgorde van beoordeling van die onderskeie klasse en op die hoogte bly van die verloop van verrigtinge.
3. Die Ringbeampte roep die betrokke deelnemers om by die Versamelring aan te meld.
4. Die Ringbeampte laat ‘n klas tot die Beoordelingsring toe na bevestiging dat alle deelnemers teenwoordig is.
5. Indien daar ‘n buitengewone aantal inskrywings in ‘n spesifieke klas is, sal die beoordelaars ‘n voorafseleksie doen, In sodanige gevalle word honde vir finale beoordeling van die betrokke klas geselekteer.

Beoordelingsring
1. Slegs beoordelaars en hanteerders met hulle honde mag in die Beoordelingsring teenwoordig wees.
2. Hanteerders loop anti-kloksgewys met hulle honde aan hulle linkerkant.
3. Hanteerders kommunikeer slegs met beoordelaars indien deur hulle aangespreek.
4. Hanteerders kommunikeer nie met enige persoon buite die Beoordelingsring nie.
5. Hanteerders bly in die posisies wat aan hulle toegeken is. Enige hanteerder wat met sy/haar hond uit dié posisie beweeg, sal een waarskuwing kry en op die tweede oortreding gediskwalifiseer word.
6. Hanteerders respekteer mekaar se afstand en tree hoflik teenoor mekaar op.
7. Hanteerders trek nie die beoordelaars se aandag af terwyl hulle besig is om ‘n ander hond te beoordeel nie.
8. Die beoordelaars sal ooraggressiewe en onbeheerbare Boerboele diskwalifiseer.

Beoordeling
1. Beoordelaars evalueer alle Boerboele onafhanklik in ooreenstemming met die beoordelingskriteria, wat hoofsaaklik gegrond is op algemene voorkoms, temperament, houding, behoeking en beweging. Let daarop dat die fokus van skoukriteria van keuringskriteria verskil, maar dat voldoening aan die SABT se Rasstandaard steeds die vertrekpunt is.
2. Beoordelaars konsulteer nie met mekaar tydens beoordeling nie.
3. Beoordelaars dien die verslag van hulle seleksie van die eerste ses posisies vir óf die klasbeoordeling, óf die finale ronde van beoordeling - indien daar meer as ses inskrywings in ‘n klas is - onafhanklik in.
4. Die aankondiger lees die uitslae voor en roep die klaswenners na die Beoordelingsring vir die oorhandiging van trofeë en pryse.
5. Hanteerders moet die Kampioene en Reserwekampioene in elke klas vir die neem van amptelike foto’s beskikbaar stel.
6. Die name van honde wat vir deelname aan die Kampioenskapskou in Parys in die Vrystaat op 7 November kwalifiseer, word aan die einde van Streekskoue aangekondig.

Sien ‘Skoukategorieë en -klasse’ en ‘Skoureëls’ vir inligting oor die seleksie van kategorie- en klaswenners.

Boerboele
1. Alle Boerboele (deelnemend en begeleidend) by SABT-skoue moet aan ‘n leiband wees en gewoond wees om aan ‘n leiband te loop.
2. Deelnemers is self verantwoordelik vir hokke, water en skuiling vir hulle honde.

Die SABT aanvaar geen verantwoordelikheid vir beserings tydens enige Boerboelskou nie.

2009-08-12